

Woensdag 23 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 11:17-26

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 11:24, 25; HK Sondag 28, Antwoord 75

“... tot my gedagtenis”

Christus het by die instelling van die nagmaal sy dissipels beveel: “Gebruik (doen) dit tot my gedagtenis.” Daarmee het Hy bedoel dat hulle gereeld die nagmaal moet vier, sodat dit hulle kan laat nadink en besin oor dit waarheen die nagmaal wys, naamlik sy bitter lyding en sterwe tot versoening van ons sondes.

Daarmee het Christus aangesluit by ’n bestaande voorskrif vir die paasmaaltyd. Tydens hierdie maaltyd moes die ouers aan die kinders vertel wat die betekenis van die maaltyd is. Hulle moes vertel dat die Here hulle as volk uit Egipte uitgelei het en hulle so van die slawerny van die farao bevry het (Eks. 12:24-27; 13:8). Dit moet egter so gedoen word dat die kinders beseft dat hulle self ook daarby betrokke is en dat hulle eie lewens eeue daarna nog steeds deur die verlossing uit Egipte geraak word (Rigt. 6:7-9; Neh. 9:9, 10). So moes hulle die groot verlossingsdaad van die Here in “gedagtenis” bring.

Nou het Christus egter ’n baie groter verlossing as die een uit Egipte bewerk: Hy het deur sy verskriklike lyding en sterwe aan die kruis sy volk verlos van hulle sonde en hulle so met God versoen. Aan hierdie verlossing waarin Christus se liggaam gebreek en sy bloed vergiet is, moet nou gereeld gedink word. Daarom gee Christus aan sy kerk van alle eeue die opdrag: “Doen dit tot my gedagtenis.” As Israel God se verlossing uit Egipte in gedagtenis moes hou, hoeveel meer is dit van toepassing op die verlossing van sonde deur die lyding en sterwe van Christus?

In die lig hiervan moet die woord “gedagtenis” gesien word. Dit word dikwels misverstaan, asof dit presies dieselfde betekenis as herdenking of herinnering, wat sake slegs van die verstand is. Daarteenoor het “gedagtenis” ’n baie dieper betekenis en het te doen met ons hele lewe, net soos wat die geval was met Israel toe hulle uit Egipte verlos is. Dit het hulle hele lewe verander.

Om in hierdie konteks aan die Here te dink, beteken eerstens om doelbewus en met konsentrasie te dink aan die lyding en sterwe van Christus, soos wat dit voortreflik in die nagmaalsformulier gedoen word. Tweedens beteken so ’n gedagtenis aan die Here om jou hele lewe deur Hom te laat bepaal (Deut. 8:18; 15:40; ens.). Ons eet en drink tot sy gedagtenis as ons elke dag met ons hele lewe vasgryp aan die verlossing wat God deur Christus vir ons aan die kruis bewerk het.

Dan is die nagmaal nie net ’n saak van my verstand vir ’n paar oomblikke nie, maar van ons hele lewe. Dan sal die lewe, die volle lewe, vir ons Christus wees (Fil. 1:21). En dit is wat Christus bedoel as Hy sê: “Doen dit tot my gedagtenis.”